Ietwat meer as 'n jaar gelede het die bestuur van die Genootskap Oud-Pretoria aan my opgedra om die nodige aanvoerwerk te doen om die Booyesen Voortrekkergrafte, geleë tussen twee woonerwe met die nommers 979 en 991 in Van der Hoffstraat, Claremont, Pretoria, te restoureer. In hierdie klein kerkhof lê onder andere Jan Jonathan Booyesen (gebore 2 September 1833 en oorlede 20 Augustus 1880) en sy vrou Christina Maria Dreyer Booyesen gebore Hermann (gebore 13 Mei 1832 en oorlede 11 September 1893) begrawe. Onder aan elk van hulle grafstene staan die woorde 'Een van de voortrekkers van 1836'. 'n Ander rede waarom hierdie twee persone van besondere historiese belang beskou word is die feit dat twee Pretoriase woongebiede naamlik Booyesen en Hermanstad na hulle vernoem is. Die Voortrekkerkerkhof waarin hulle begrawe lê, is tans in 'n baie verwaarloosde toestand.

Toe ek bogemelde opdrag in verband met die restaurasie ontvang het, het die vraag dadelik by my opgekom: Wie is hierdie Booyesen? Ek het deur middel van die pers met nakomelinge van die voortrekkeregpaar Booyesen probeer kontak maak en so het dit gekom dat ek Mevrouw Maria Elizabeth Prinsloo (gebore Booyesen) ontmoet het.

Ek het die besondere voorreg gehad om op 24 Mei 1983 'n onderhoud te kon voer met die 91 jarige Mev. Prinsloo in Bronkhorstspuit. Sy is 'n kleindogter van die voortrekkeregpaar Jan Jonathan en Christina Maria Booyesen. Sy het haar oupa nooit geken nie, want hy is voor haar geboorte op die ouderdom van 47 jaar oorlede. Haar ouma is toe weer getroud met Thomas Dreyer. Na haar dood is sy by haar eerste man begrawe. Mevrouw Prinsloo kan onthou dat sy as klein dogtertjie haar ouma se begrafnis bygewoon het. Sy kan nog onthou dat hulle om die kis geloop het en dat haar eie moeder vir haar gesê het: 'Dit is my ma, sy word vandag begrawe'. Sy kan egter nie onthou dat sy haar ouma ooit gesien het nie.

Volgens Mev. Prinsloo het Jan Jonathan en Christina Maria Booyesen die volgende kinders gehad: Cornelis Hermanus (Kerneels), Jacoba, Jan, James Jones Herman, Zacharias Johannes Arnoldus (Hansie), Catharina, Christina Maria, Johanna (Jeanny), Meintjie (Meintjie of Jacomina) en een kind wat vroeg oorlede is. Hierdie name is nie in volgorde van die oudste tot die jongste gerangskik nie. Die seun Jan Booyesen was later Veldkornet in die Z.A.R., op hom word later weer teruggekom.

Van moederskant stam Mevrouw Prinsloo af van die Prinsloo van Slatersnek. Hierdie Prinsloo was Hendrik Prinsloo met die bynaam 'Kasteel' omdat sy vader Marthinus Prinsloo tydens die Van Jaarsveld-opstand in die kasteel opgesluit is. Hierdie Hendrik Prinsloo (Kasteel) is saam met Cornelis Faber, twee Bothmas en Theunis de Klerk op 9 Maart 1816 op Van Aardtspos opgehang, terwyl Lord Somerset die 60 jarige Willem Prinsloo, wat ook ter dood veroordeel was, begenadig het. Hendrik (Kasteel) Prinsloo en sy vrou was Mevrouw Maria Elizabeth Prinsloo se oorgrootouers. Haar eie moeder was 'n mooi Maria Elizabeth Prinsloo toe sy getroud is met haar vader Jan Booyesen.

Jan en Maria Elizabeth Booyen het op die plaas Wonderboom geboer, hulle woonhuis staan vandag nog daar en word bewoon deur een van hulle kleinkinders. Veldkornet Jan Booyen en sy vrou het ses kinders gehad: Prinsina, Christina Maria, Jan Jonathan, Maria Elizabeth (Mev. Prinsloo), Prins Daniël Jacobus (ook nog in lewe) en Anna Elizabeth.

Mevrou Prinsloo vertel verder dat haar vader as Veldkornet in bevel was oor die wyk Apiesrivier. Een van sy pligte was om toesig te hou oor 'n swart kaptein met die naam Njabél. Die kaptein moes elke paar maande by veldkornet Booyen kom rapporteer. Hy het, vergesél van 'n wag van sowat 20 man te perd die plaas aangedoen. Mev. Prinsloo kan nog onthou dat haar vader op 'n stoel onder 'n wilde vyboom gesit en met die kaptein beraadslaag het, waarna haar moeder die geselskap van voedsel voorsien het.

Veldkornet Booyen het ook ammunisie uitgereik aan die burgers van die wyk, hy het geveg gedurende die driejarige oorlog en is deur die Engelse gevangeneem.

Veldkornet Booyen het aan sy woonhuis 'n kamer gebou wat as skool ingerig is. Die eerste onderwyser was 'n Hollander, meester Van der Wel, wat eintlik 'n skrynerker was, maar goed kon lees en skryf. Van der Wel is daar oorlede en is op die plaas begrawe. 'n Verdere onderwyser wat onthou word is meester Engers wat vroeër op 'n skip gewerk het en besonder kwaai was. Mevrou Prinsloo onthou dat hy later deur 'n skoolkommissie ondervra en ontslaan is. 'n Andere onderwyser wat sy goed onthou was meester Rumpf wat uit Holland gekom het eintlik om geld te verdien met die doel om predikant te word. Rumpf het ook gedurende die driejarige oorlog geveg, maar is gevang en in die Irenekamp aangehou. Na 'n ruk is hy na Holland teruggestuur waar hy as predikant gekwalifiseer en toe na die Transvaal teruggekeer het. Ds Rumpf het 'n beroep na die Gereformeerde Kerk, Standerton aangeneem en die familie Booyen het deur die jare heg met hom bevriend gebly.

Mev. Prinsloo kan ook Theodorus (Doors) Erasmus onthou, hy was 'n buurman van die Booyens. Doors Erasmus het ook 'n skooltjie by sy huis gehad. Die doel met die plaasskooltjies was nie in die eerste plek om aan die kinders geleerdheid te gee nie, maar eerder om hulle te leer lees, skryf en reken sodat hulle belydenis van geloof in die kerk kon aflê. Nadat hierdie doel verwesenlik was, het die skooltjie dan weer ontbind. Mev. Prinsloo onthou dat die skooltjie by Doors Erasmus veral dames as onderwyseresse gehad het. Sy onthou ook nog dat 'n sekere Meneer Visser voor die driejarige oorlog by die skooltjies inspeksie gedoen het. Sy kan Doors Erasmus nog in haar geestesoog laat in die middag, nadat hy sy boerdery-pligte afgehandel het, op sy huisie se klipstoep sien sit.

Gedurende die driejarige oorlog was Mev. Prinsloo nog 'n jong dogtertjie. Die Engelse het die moeder met haar kinders van die plaas verwyder omdat hulle gevrees het dat hulle die veltende burgers van proviand sou voorsien. Hulle is nader na die stad gebring na wat vandag as Mayville bekend is. Daar moes hulle 'n ou huis betrek wat nie meer vensters en deure gehad het nie. Snags het hulle leë ammunisiekieke gebruik om die gate in die mure, waar vroeër die vensters en deure was, vir die nag toe te maak. In dié verblyfplek het hulle 2 weke vertoef, terwyl henspoppers hulle bewaak het. Hulle het in

dié stadium nog oor twee waens en osse beskik, maar die osse is later wegge-
neem en die twee waens staan toe daar.

Die kakies wou toe die gesin verder die stad in vervoer, maar Mevrouw Prinsloo se moeder het geweier om hulle besittings op die kakiewaens te laai uit vrees dat alles gesteel sou word en sy wou ook nie hulle eie waens agterlaat nie. Trekdiere is voorsien om die waens te trek tot op die mark. Vandaar is hulle na 'n huis, die waens is saamgeneem en het langs die huis gestaan. Al hulle kleinvee is weggeneem, maar hulle het 'n aantal ganse behou wat as goeie 'waghonde' gedien het.

Mevrouw Prinsloo vertal dat Pretoria in dié dae nog soos 'n plaas was. Sy onthou dat die stad na die ooste gestrek het tot wat vandag as die Caledoniese sportterrein bekend staan.

Nogeens moes die Booysen moeder met haar gesin verhuis toe sy verneem dat daar witseerkeel in die omgewing is. Hulle het toe gaan woon by ene Krisjan (Christiaan) Joubert wat volksraadslid was en die gesin kosteloos gehuisves het tot na die oorlog.

Dit was vir die skrywer 'n belewenis om 'n genoeglike middag saam met hierdie merkwaardige bejaarde Mevrouw Prinsloo, as lewende skakel met die ou Pretoria te kon deurbring. Hoewel die ouderdom hoog in jare is en die liggaam al verswak is, beskik sy nog oor 'n helder geheue en kan onderhoudend oor die verlede gesels. In terme van die Booysen Voortrekkergrafte, het ek dus die voorreg gehad om met iemand te gesels wat teenwoordig was by een van die begrafnisse.

Prof. H.C. Petrick

UIT DIE GESKIEDENIS VAN 'THE SOUTH AFRICAN REPUBLIC FRUIT AND MEAT PRESERVE WORKS', EERSTE FABRIEKEN

INLEIDING

In *Historia*, jg. 2, nr. 1. Junie 1957, het die skrywer, onder die opskrif 'Die Maatskappy 'Eerste Fabrieken in die Zuid-Afrikaansche Republiek' aandaag gewy aan die industriële bedrywighede wat sedert 1883, na die opening van 'n drankstokery, te Eerste Fabrieken, naby Pretoria, plaasgevind het.

Aanvanklik was A.H. Nellmapius in beheer van die stokery, maar na sy dood het die konsessie in 1893 in besit van die firma Lewis en Marks gekom.

Behalwe dat daar 'n drankstokery op die plaas Hatherley (Eerste Fabrieken) was, is daar ook konfyt en vleisprodukte vervaardig en bemark.

Vivian Allen het, in *Kruger's Pretoria* (Cape Town, 1971, p. 200) na die heftige stryd in die Volksraad verwys wat aan die verlening van die konsessie met betrekking tot die vervaardiging van konfyt voorafgegaan het. President Kruger het die aansoek uit alle mag ondersteun en die aansoek het geslaag. Ook verklaar dieselfde skryfster dat die kwaliteit van die konfyt wat te Eerste Fabrieken vervaardig is, volgens die publiek, nie met dié van ingevoerde konfyt vergelyk kon word nie. Ook is daar 'n kleiner verskeidenheid konfytsoorte vervaardig as dié wat ingevoer is. Ten spyte van hierdie kritiek het die konfyt van Eerste Fabrieken in 1895 'n goue medalje van die Transvaalse Landbougenootskap ontvang.¹ Met betrekking tot die reeds genoemde kritiek, kon daar verwysings in die firma se briewekopieboek (1896-1900) voor wat later die nodige aandaag sal geniet.

1. Gegewens ontleen aan die briewekopieboek (1896-1900)

Die genoemde briewekopieboek, wat briewe en ander gegewens bevat wat deur sekretaris G.H. Wallace en sy opvolger aan die Londense hoofkantoor van die firma Lewis en Marks, 3 Finch Lane, Londen, gestuur is, bevat 'n groot aantal besonderhede oor die bedrywighede van 'The South African Republic Fruit and Meat Preserve Works'.

(a) Besonderhede aangaande 1896

Uit die proefbalans van die firma, wat op 31.1.1896 opgestel is, kan o.m. afgelei word dat die konfyt- en vleisfabriek se geboue en masjinerie se boekwaarde £ 2.562:2:4 verteenwoordig het. Die eiendomsrekening is met £ 5.135:17:9 gedebiteer, terwyl die firma Lewis en Marks met £ 19.782:5:10 gekrediteer is. Die afnemers van die fabriek se produkte (handelaars) was hoofsaaklik te Pretoria en aan die Witwatersrand gevestig, terwyl 'n aantal winkeliers op die Transvaalse platteland ook voorrade van die firma op hulle rakke gehad het. Die volgende handelaars - winkeliers is o.m., met betrekking tot die aankoop van konfyt, blikvrugte en vleisekstrak genoem:

Pretoria

Bourke en Kie., A. Johnston en Kie., J. Lean, T.W. Bckett en Kie., R.C. Francis en Kie., H. Joosub, K.F. Wolff en Kie., Mahommed en Kie., Berman-broers.

<i>Barberton</i>	<i>F. Stopforth, H.D. Spring en Kie., G.G. Duncan, Winterbroers, P.R. Smith, Murray en Kie.</i>
<i>Johannesburg</i>	<i>J. Braidt, J.A. Ulyate, Beckett en Kie.</i>
<i>Brugspruit</i>	<i>Devitt en Kie.</i>
<i>Hatherley</i>	<i>J.N. Heymann.</i>
<i>Sheba Hill</i>	<i>Cohen en Ernst.</i>
<i>Fever Creek</i>	<i>A. Solomons.</i>

In totaal is, in April 1896, aan hierdie en ander afnemers, gelewer: Konfynt ter waarde van £ 270:13:3; blikvrugte ter waarde van £ 28:10:0, en vleisekstrak ter waarde van £ 13:16:0 (groot totaal £ 312:19:3).

In Mei 1896 het die totale verkope 'n bedrag van ruim £ 1054 verteenwoordig. In Junie 1896 het die verkope tot 'n bedrag van ruim £ 849:0:0 afgeneem. Op 30.6.1896 was die beskikbare voorrade soos volg saamgestel:

Konfynt (1 pondblikke, 6 d. per blik; 12 verskillende soorte) 135.907 blikke.

Marmelade (1 pondblikke, 6 d. per blik; 5 verskillende soorte) 91.325 blikke.

Gemengde konfyntsoorte in kaste (teen £ 1:5:0 per kas) 600.

Konfynt en marmelade (in 2 pondblikke, 1/- per blik) 2.039.

Vrugte (in blikke van 2½ pond, 1/- per blik, 3 soorte, o.m. tamaties) 4.669.

Tamaties (in blikke van 2½ pond, 9 d. per blik) 2.986.

Konfynt en marmelade (in blikke van 5 pond, 4 d. per blik, 6 soorte) 6.066.

Kwepermarmelade (in blikke van 6 pond, 2/6 per blik) 584.

Konserwe (in blikke van 2½ pond, 1/- per blik, twee soorte) 320.

Vleisekstrak (geen gewig aangedui nie, 9 d. of 1/- per blik) 1.023.

Die totale boekwaarde van hierdie voorrade was £ 7.441:19:2.²

In Januarie 1896 was die verkope teleurstellend omdat die regering besluit het om 'n spesiale invoerbelasting van 3 d. per blik konfynt af te skaf.

Natalse en Kaaplandse produsente het van hierdie geleentheid gebruik gemaak om die Transvaalse mark te oorstrom en die verkope van die konfyntfabriek te Eerste Fabrieken ongunstig beïnvloed.³

Aan die begin van Mei 1896 het Wallace 'n besoek aan Johannesburgse handelaars afgelê om te probeer vasstel wat die oorsaak was van die feit dat daar, gedurende die afgelope vier maande, betreklik min van die fabriek se produkte gekoop en van die hand gesit is. Hierdie ondersoek het aan die lig gebring dat 'n deelydse verteenwoordiger, wat teen kommissie gewerk het, sy plig versaak het. Die aanstelling van 'n voltydse verteenwoordiger en die daarstelling van 'n depot in Johannesburg sou, aldus Wallace, verbetering in die bestaande toestand bring. Tewens sou 'n reisiger aangestel word om kleinhandelaars te besoek. Hierdie maatreëls sou weliswaar die verkoop bevorder, maar Wallace het die hoofoorsaak van die bestaande, onbevredigende toestand aan die volgende verskynsel toegeskryf:

'At present wholesale merchants, as a rule, decline to stock our Jams as there is no demand for them.

Several merchants who had placed orders with us in October and November last, and from whom we have received no repeat orders, were called

upon. They stated that they had no sale for the Jams, and when they supplied it to customers it was returned by them with the remark that it was bad. Evidently in the past there have been some bad batches of jam turned out, which has destroyed its reputation. This, however, will be carefully guarded against in the future."⁴

In Mei 1896 het die verkoop van die fabriek se produkte aanmerklik toegeneem en tot ongeveer £ 900 gestyg. Verdere verbetering is belemmer deur die halfjaarlikse voorraadopname, terwyl - as gevolg van die runderpes - die vervoer van en na die platteland feitlik tot stilstand gekom het.⁵

Terwyl die verkoopvooruitsigte, ten spyte van bogenoemde faktore, verbeter het, het die fabriek met 'n ander vraagstuk te kampe gekry. Nuwe masjinerie om marmelade te vervaardig, is ontvang en getoets, maar die resultaat was teleurstellend omdat die Sevilla-lemoen, wat die beste marmelade opgelewer het, nie in Transvaal bekombaar was nie.⁶

Ten spyte van hierdie teenslag het die verkope in Julie 1896 alle verwagtings oortref.⁷

Die eerste ses maande van 1896 het met 'n nadelige balans van ruim £ 942 afgesluit. Wallace het die volgende oorsake van dié toestand genoem. Allereers die feit dat die voorrade op 31.12.1895 teen 5% onder die verkoopprijs, pleks van teen kosprys bereken is. Deur dit te doen is 'n ingebeelde wins geskep. Ander faktore wat 'n ongunstige uitwerking op die nadelige balans uitgeoefen het, was die toename in lone en salarisse, die reeds genoemde afskaffing van die invoerheffing op konfyt, die nadelige uitwerking van die runderpes en ondoeltreffende beheer oor die bedryf tot Februarie 1896. Danksy die aanstelling van mnr. Joseph Guttman as algemene bestuurder het toestande aanmerklik verbeter. In sy toeligtig het Wallace geen wins vir die tweede helfte van 1896 in die vooruitsig gestel nie. Vir 1897 het hy, o.m. indien meer plaaslike vrugte beskikbaar sou kom, 'n verbetering in die finansiële toestand van die bedryf voorspel.⁸ In Julie 1896 is produkte ter waarde van ruim £ 1.400:0:0 verkoop.⁹ 'n Redelik tevrede Wallace het die afname in die verkoop van die fabriek se produkte in November 1896 toegeskryf aan die feit dat sekere geliefde konfytsoorte, soos pruime-, vye- en Kaapse appelliefiekonfyt, sowel as ongunstige besigheidstoestande in Johannesburg vir die genoemde daling verantwoordelik was. Weliswaar sou die bestaande voorrade aan die einde van die jaar verkoop wees en is daar met die vervaardiging van 'n nuwe voorraad begin, maar plaaslik was daar geen vrugte bekombaar nie. Transport was, as gevolg van die runderpes, skaars en bygevolg was boere verhinder om hul vrugte by die fabriek af te lewer. Voorrade moes dus uit ander dele van Suid-Afrika verkry word en, ook al omdat die pryse daar hoër was, sou die produksiekoste van konfyt styg.¹⁰

Tydens Wallace se verlof, wat gedeeltelik benut is om die bevoorrading van vrugte uit Kaapland te probeer bewerkstellig, het die algemene bestuurder o.m. aan die hoofkantoor te Londen meegedeel dat 'n sekere mnr. Levy, wat onder toesig van die firma De Jongh en Jamieson sou werk, as verteenwoordiger van die fabriek te Johannesburg sou optree.¹¹

Na sy terugkeer te Eerste Fabrieken het Wallace die hoofkantoor daarvan verwittig dat daar begin is met 'n proefneming, t.w. konfyt, in glasbottels, wat van glasdeksels voorsien was. Tussen die glas en die deksel was 'n kurk-

ring gelé in plaas van 'n velletjie perkament. Op dié wyse kon getoets word of, volgens die nuwe metode, die kwaliteit van die konfyt, afgesluit deur die glasdeksel en die ring, nie sou onder doen vir die vroeëre verseëling van die inhoud. Bottels van 1 en 2 pond inhoud, in totaal 144, is ingevoer en gretig deur kopers aanvaar.

*The jam presents a good appearance in the jars. It is our intention to confine the sale of these jars, in the meantime at least, to Hotels only, and their appearance on the Hotel tables will constitute a good advertisement for our productions.'*¹²

Op 21.12.1896 was die beskikbare voorrade soos volg saamgestel:

Konfyt - blikke met 1 pond inhoud, 9 soorte, 6 d. per blik; 65.428 (£ 1.635:14)

Marmelade - blikke van dieselfde inhoud, 4 soorte, 6 d. per blik, 58.298 (£ 1.457:9 0).

Uitgesoekte konfytsoorte in kaste - blikke van dieselfde inhoud, £ 1:5:0 per kas, 255 kaste (£ 318 15).

Konfyt - blikke van 2 pond inhoud, 4 soorte, 1/- per blik, 3.891 (£ 194:11:0).

Marmelade - blikke van 2 pond inhoud, 1/- per blik, 3.427 (£ 171:7:0).

Marmelade - blikke van 6 pond inhoud, 2/6 per blik, 274 (£ 34:5:0).

Konserwe - blikke van 2½ pond inhoud, 1/- per blik, 161 (£ 8:1:0).

Tamaties - blikke van 1 of 2½ pond inhoud, 4 d. of 9d. per blik, 6.970 (£ 142:0:0).

Vrugte in blik - blikke van 2½ pond inhoud, drie soorte, 2.673 (£ 133:13:0).

Konfyt en marmelade - blikke van 5 pond inhoud, drie soorte, 4 d. per pond, 13.874 (£ 231:4:8).

Appels - (in vate), 2/- per pond, 1.416 pond (£ 11:16:0).

Konfyt - in blikke van 6 pond inhoud, 3/- per blik, 881 (£ 132:3:0).

Vleisekstrak - ongeveer 57 dosyn (£ 10:17:0).

Totale waarde van bogenoemde voorrade teen kosprys: £ 4.481:15:8.¹³

In sy toeligtig oor die tweede helfte van 1896 het sekretaris Wallace o.m. daarop gewys dat daar gedurende die wintermaande feitlik geen vrugte bekombaar was nie. Gevolglik is die werksaamhede gedurende die afgelope halfjaar nadelig beïnvloed.¹⁴

Die vrugteisoen het op 1.12.1896 begin en vanaf dié datum het appelpose en pruime, wat in Transvaal onbekombaar was, van Wellington, Kaapland, begin aankom. Dié aanvoer het tot die einde van 1896 voortgeduur en altesame is 48.370 pond appelpose en 3.776 pond pruime ontvang waarvan 68.869 pond appelpose- en 7.620 pruimekonfyt vervaardig is.

Gedurende die genoemde tydperk is produkte ter waarde van £ 7.535:14:11 (eerste halfjaar: £ 2.983:13:2) verkoop, maar in November en Desember 1896 is die verkope nadelig beïnvloed deurdat sekere konfytsoorte uitverkoop was. Om 'n herhaling van dié ongewenste toestand te probeer voorkom, is alles in die werk gestel om voorrade op te bou wat tot einde Maart 1898 vir afnemers beskikbaar sou wees. In Johannesburg het feitlik al die vernaamste handelaars oor konfytsoorte van die fabriek beskik. Ongelukkig moes, weens onbekende redes, die pryse enigszins verhoog word, maar die hoop is uitgespreek dat die afnemers dié verandering sou aanvaar. Indien dit nie die geval sou wees nie, dan kon daar weer op die ou pryse teruggeval word, maar dit sou 'n verlies

van £ 500:0:0 aan ekstra-inkomste meebring.

Finansieel beskou is daar gedurende die tweede halfjaar van 1896 'n verlies van ruim £ 1.432 gely. Dié verlies is toegeskryf aan rente op die bedryfskapitaal en die uitbetaling van £ 1.295:10:10 aan lone en salarisse tydens die feitlik onproduktiewe tydperk van Julie tot November 1896.

Dié enigste middel om die verlies in wins te verander was, volgens Wallace, gemiddelde maandelikse verkope van £ 2.500 (£ 30.000 per jaar). Onder dié omstandighede kon 'n jaarlikse wins van £ 7.500 verwag word.

(b) *Besonderhede aangaande 1897*

Sekretaris Wallace het, vermoedelik in Februarie 1897, sy verbintenis met die fabriek verbreek en is, in laasgenoemde maand, deur J.A. Barbour opgevolg. In 'n skrywe van 27.3.1897 het Barbour o.m. verklaar dat, ten spyte van vroeëre voorspellings, die vrugte-aanvoer beter was as aanvanklik verwag is. Die meeste vrugte is uit Kaapland ingevoer, terwyl - as gevolg van die verlenging van die reïnspoor na Potchefstroom - heelwat vrugte uit die gelyknamige distrik ontvang is.¹⁵

Gedurende die eerste drie maande van 1897 is 'n wins van £ 1.315:4:11 deur die fabriek behaal.¹⁶ Die kospryswaarde van die voorrade het, op 'n bedrag van £ 12.249:18:5 bedra.¹⁷

Op 24.4.1897 het die algemene bestuurder van die fabriek, Joseph Guttman, in verband met die finansiële toestand van die fabriek o.m. vermeld dat daar besluit is om die produkte, as 'n besparingsmaatreël, nie langer te adverteer nie. Wat Guttman ontstel het was die feit dat, van die begin af, 5% rente op die bedryfskapitaal aan die hoofkantoor te Londen betaal moes word. In dié verband het hy o.m. geskryf:

*It is ridiculous to expect any concern to pay a dividend at the start and that is what is expected of us. Long before the Factory was erected when the first £ 25 - was paid for expenses tot Mr. (?), to go down to the Paarl to buy the second hand machinery so was the interest charged on it. Before we ever had a chance to turn round we were crippled by this interest.*¹⁸

Guttman het, in dieselfde brief vir 'n rentelose bedryfskapitaal van £ 25.000:0:0 gepleit. Indien daar meer kapitaal benodig sou wees dan kon dit met 5% rente belas word. Aan hierdie gedagte het Guttman die volgende toegevoeg:

*It is just as broad as it is long for you, and the only benefit we would receive is that the Jam Factory is then given a fair and just opportunity to show what it can do on a capital of £25.000 instead of it being hampered as no concern should be.*¹⁹

Intussen het Guttman alles in sy vermoë gedoen om, deur die produksie te verhoog, die koste per eenheid te verlaag. Van 8.12.1896 tot 31.3.1897 is 489.814 pond konfyt vervaardig teenoor 293.853 pond tydens die ooreenstemmende seisoen (1895-1896).

Die volgende stap was om die afset te verhoog. Gedurende die eerste drie maande van 1897 is hierdie beleid met welslae bekroon deur persoonlike besoeke aan Johannesburgse handelaars, terwyl ook 'n hoeveelheid konfyt na Lourenço Marques gestuur is.

In Februarie 1897 was daar ewewel 'n ernstige teenslag. Aan 'n agent te

Welverdiend is telegrafies meegedeel om nie meer vrugte te stuur nie, maar die aflewering van dié opdrag is vertraag en op 'n sekere dag is 50.000 pond perskes ontvang wat, nadat dié hoeveelheid verwerk is, nie vir menslike gebruik aangewend kon word nie.

Guttman het ook daarop aangedring dat die konfytmaker, 'n sekere Hengst, deur 'n bekwame vakman vervang word.

Van Hengst het hy geskryf:

*'He is a little bit favored by Mr. Samuel Marks but a more hypocritical scoundrel I have never met.'*²⁰

'n Bekwame konfytmaker, gewerf in Engeland, moes - teen 'n salaris van £ 300 - £ 350 per jaar - aan die begin van die volgende seisoen met sy werksaamhede begin. Op dié wyse is gehoop om die produksie, sowel as die gehalte van die produkte te verhoog.

Terselfdertyd het Guttman 'n poging aangewend om die regering te oorreed om die invoerregte op bestanddele van die vervaardigde konfyt af te skaf, maar die Staatspresident het hom laat verstaan dat die regering hom nie kon innem met die invoertariewe wat deur die Volksraad vasgestel was nie. Daarna het Guttman begin pleit om die regering te laat besluit om ingevoerde konfyt ekstra te belas. 'n Paar Volksraadslede was ten gunste van so 'n maatreël, terwyl Guttman die Staatspresident laat verstaan het

*'that unless something is done for the Factory it will have to close down and will therefore be the means of throwing out of work a large number of his own people.'*²¹

Dit was nie die eerste keer dat Guttman die belange van die fabriek by die regering en die Staatspresident bepleit het nie. In dieselfde brief vermeld hy dat hy, op die tydstip toe die invoerregte op konfyt opgehef is, hy persoonlik na die President gegaan het. Hy het gesê dat hy die fabriek sou moet sluit. 'n Paar dae later is die invoerheffing op buitelandse konfyt weer ingestel.

Vrystelling van invoerregte op suiker (250.000 pond per jaar) sou 'n besparing van meer as £ 500:0:0 meebring, Guttman se brief eindig soos volg:

'I only trust that the Government may be induced to grant us protection of some kind or another.'

*In conclusion I must say that I think we have fairly passed the unproductive stage and we will now be able to show a fair return on the money you have invested in this concern.'*²²

Ongelukkig is, soos uit volgende briewe van Barbour afgelei kan word, die voorspelling van Guttman nie bewaarheid nie. Op 17.8.1897 het Barbour gerapporteer dat die verkope oor die afgelope drie maande nie aan die verwagtings voldoen het nie.

*'This is accounted for to a great extent to the practically entire stagnation of the trade at Johannesburg and till business in general gets into a more settled condition, I do not anticipate any great improvement in the amount of our sales.'*²³

Of verlaagde konfytpryse die swak verkoop geheel of gedeeltelik kon uitwis, was die vraag. O.i. was dié kans nie groot nie omdat Barbour verskeie klagtes oor die swak gehalte van die geproduseerde konfytsoorte ontvang het. Wat kwaliteit betref, kon dit die produkte van die Kaapkolonie nie ewenaar nie en was die pryse van die ingevoerde produkte slegs 'n bietjie hoër as van die Trans-

vaalse produk. Vir Barbour was die volgende stap duidelik:

*'It is absolutely necessary that a radical change be made in the quality of the Jams to be manufactured in future and this is a question which I would urge for your earnest consideration.'*²⁴

Die meeste vrugte en ander benodighede, waarop invoerregte gehef is, moes nog steeds uit Kaapland ingevoer word. Die plaaslike produk was deurgaans swakker, terwyl die Transvaalse boere meer geld vir hulle produkte wou ontvang as die Kaapse leweransiers.

Nog 'n terugslag was dat die publiek nie gehou het van die helfte van die 21 vervaardigde konfytsoorte nie. Daar moes dus verandering kom. Terselfdertyd het die produksiekoste gestyg. Om dit te verminder het Guttman op die aankoop van sekere masjinerie aangedring om met minder personeel te kon klaarkom.²⁵

As gevolg van bogenoemde oorsake het die verkoop in September 1897 tot 'n bedrag van ruim £ 500:0:0 gedaal.²⁶

Die verkope in September 1897 was 'n laagtepunt. Van Oktober - Desember 1897 is produkte ter waarde van ruim £ 1.305:0:0; £ 1.662:0:0 en £ 1.474 van die hand gesit. In totaal is, in dieselfde jaar, produkte ter waarde van £ 12.991:12:4 van die hand gesit.²⁷ Die finansiële jaar 1897 het met 'n verlies van £ 969:8:7 geëindig.

In sy ontleding van hierdie syfers het sekretaris Barbour o.m. aangevoer dat die gemiddelde maandelikse verkoopsyfers, in vergelyking met dié van 1896, met ruim £ 206 toegeneem het. Tewens het hy, met betrekking tot 1898, verwag dat die verteenwoordiger te Johannesburg die verkoop van die fabriek se produkte verder sou laat toeneem. O.i. was die belangrikste faktor in verband met die verkoop van die fabriek se voortbrengsels in 1897 dat die regering besluit het om al die ingevoerde konfyt met 40/- per 100 pond te belas. Sodra die Transvaalse handelaars van hulle ingevoerde, belaste voorrade ontslae sou wees, kon daar 'n groter afset van die Transvaalse konfyt verwag word. As 'n voorsorg om eie winste te verhoog sou die prys van die konfyt van Eerste Fabrieken met ingang van 1.3.1898 styg.²⁸

(c) *Besonderhede aangaande 1898*

Voorlopig was bogenoemde gedagtes toekomsmusiek. Tot April 1898 het die verkope sterk gedaal.²⁹ Aan die einde van die jaar was die bedryf se wins £ 300:17:11 nadat 'n bedrag van £ 1.702:10 as rente aan die firma Lewis en Marks betaal is. In dié verband het sekretaris Barbour die volgende kommentaar gehad:

*'This, I think, is in the circumstances, a very satisfactory result and appears all the more so when it is borne in mind that the quantity of Jams - manufactured and the sales to customers during the period under discussion, as compared with those during the preceding year 1897, show a falling off.'*³⁰

In totaal is in 1898 434.979 pond konfyt geproduseer. Maandeliks is ewewel gemiddeld goedere ter waarde van £ 151 minder verkoop as in 1897. Dit ten spyte van die reeds vermelde invoerregte. Nog 'n faktor van betekenis, wat die firma se omset nadelig beïnvloed het was die mindere mate van koopkrag en

die feit dat die bevolking van Johannesburg afgeneem en sommige winkeliers hulle deure gesluit het. Ten spyte van hierdie omstandighede moet 'n verskerpte beheer oor uitgawes en die geslaagde invordering van uitstaande skulde o.i. gesien word as belangrike faktore wat 'n bedryfswins, hoe klein ook al, moontlik te maak vir die jaar 1895.

(d) *Besonderhede aangaande 1899*

Tydens die seisoen het die fabriek in totaal 240.325 pond konfynt, hoofsaaklik van appelkose, perskes, appels en kwepers, vervaardig.³¹

Op 29.5.1899 het Barbour die hoofkantoor te Londen se aandag op aanhoudend dalende afname van die kant van handelaars gevestig en dié verskynsel aan

'*the general stagnation*' toegeskryf wat die land in sy wurggreep het.³² In dieselfde maand het die totale afset, versprei oor Johannesburg, Krugersdorp, Pretoria en Vereeniging £ 450:6:7 bedra.³³ 'n Maand later het die fabriek se voorraad 'n bedrag van £ 11.463:17:2 verteenwoordig.³⁴ Op 31.12.1899 het dié bedrag tot £ 9.374:4:11 verminder.³⁵

(e) *Besonderhede aangaande 1900*

In 1900 is uitsluitend balansstate en voorrade in die briewekopieboek gepubliseer. Korrespondensie ontbreek. Op 30.6.1900 was nog konfyntsoorte met 'n totale waarde van £ 113:0:0 in voorraad.³⁶ As gevolg van die oorlog is, tussen 1.1.1900 en 30.6.1900 konfynt ter waarde van £ 3.472:4:0 aan die Britse militêre Direkteur van Voorrade verkoop, terwyl die Transvaalse Proviandkommissie se aankope £ 869:4:0 bedra het.³⁷

Op 31.12.1900 was die genoemde Direkteur van Voorrade se skuld nog £ 100.0:0, terwyl die Proviandkommissie se skuld nog dieselfde was. Van diverse skuldenaars moes die firma nog £ 2.122:13:7 ontvang, terwyl daar nog 'n bedrag van £ 51:3:6 aan skuldeisers verskuldig was.³⁸

Met hierdie besonderhede eindig die inhoud van die geraadpleegde briewekopieboek.



In hierdie bydrae is slegs 'n gedeelte van die inhoud van die briewekopieboek in aanmerking geneem. Nadruk is gelê op die finansiële aspek, die produksie en die afset van die produkte en pogings wat, met welslae, aangewend is om owerheidsbeskerming van die bedryf te verkry.

Wat die ontwikkeling van 'n kerngesonde bedryf benadeel het, was o.m. die volgende faktore: Die verpligting om 5% rente op die bedryfskapitaal te betaal voordat wins getoon kon word, die aankoop van majinerie, blik, kassies en ander verpakkingsmateriaal uit die buiteland, die verpligte invoer van 'n groot deel van die benodigde vrugte uit Kaapland, die afhanklikheid van goeie en slegte opbrengste en die feit dat die produksieperiode van die konfynt tot 'n paar maande beperk was.

Die kwaliteit van die produkte was nie altyd onberispelik nie. Dit, sowel as wisselende ekonomiese omstandighede in die Republiek was nie altyd be-

vorderlik vir die afset nie.

Dit is slegs 'n paar faktore wat veroorsaak het dat die bedryf slegs in 'n enkele jaar (1898) 'n skamele wins van £ 300:0:0 kon aantoon.

Jan Ploeger

1. Op veelkleurige etikette wat in 'n ongenoemde jaar deur die firma Wetterwald, Bordeaux, Frankryk, gedruk is, kom afbeeldings van 'n paar medaljes voor.
2. Briewekopieboek, pp. 80-81, List of stock in hand at 30th June 1896.
3. *Ibid.*, p. 7, G.H. Wallace - Lewis & Marks, 29.2.1896.
4. *Ibid.*, pp.32-33, G.H. Wallace - Lewis & Marks, 9.5.1896.
5. *Ibid.*, p. 58, G.H. Wallace - Lewis & Marks, 27.6.1896.
6. *Ibid.*, pp. 59-60, G.H. Wallace - Lewis & Marks, 4.7.1896.
7. *Ibid.*, p. 60.
8. *Ibid.*, pp. 83-86, G.H. Wallace - Lewis & Marks, 25.7.1896.
9. *Ibid.*, p. 89, Return of Sales during month of July 1896.
Vir Augustus 1896 was die bedrag £ 1.354:13:7. W. het hierdie bedrag as redelik bevredigend beskou (*ibid.*, p. 106). September 1896: £ 1.188:4:0 (*ibid.*, p.117). Oktober 1896: £ 1.493:7:3 (*ibid.*, p. 133). November 1896: £ 1.066:15:3 (*ibid.*, p. 149).
10. *Ibid.*, pp. 150-151, G.H. Wallace - Lewis & Marks, 5.12.1896.
11. *Ibid.*, p. 152, Joseph Guttmann - Lewis & Marks, 12.12.1896.
12. *Ibid.*, p. 170, G.H. Wallace - Lewis & Marks, 2.1.1897.
13. *Ibid.*, pp. 185-186. List of stock in hand at 31st December 1896.
14. *Ibid.*, pp. 187-192, G.H. Wallace - Lewis & Marks, 6.2.1897.
15. *Ibid.*, p. 221, J.A. Barbour - Lewis & Marks, 27.3.1897. Barbour het, voor sy oorsplasing na Eerste Fabrieken, In die Pretoriase kantoor van die firma gewerk (*ibid.*, p. 224).
16. *Ibid.*, p. 230, Profit and Loss Account 31st March 1897.
17. *Ibid.*, p. 235, Stock of Jams on hand 31st March 1897.
18. *Ibid.*, p. 250, Joseph Guttmann - Isaac Lewis, 24.4.1897.
19. *Ibid.*
20. *Ibid.*, p. 256.
21. *Ibid.*, p. 260.
22. *Ibid.*, p. 261.
23. *Ibid.*, p. 323, J.A. Barbour - Lewis & Marks, 17.8.1897.
24. *Ibid.*, p. 324.
25. *Ibid.*, p. 329.
26. *Ibid.*, p. 357, J.A. Barbour - Lewis & Marks, 4.10.1897.
27. *Ibid.*, p. 410, Summary of Sales during Year 1897.
28. *Ibid.*, p. 424, J.A. Barbour - Lewis & Marks, 23.3.1898.
29. *Ibid.*, p. 427, J.A. Barbour - Lewis & Marks, 18.4.1898.
30. *Ibid.*, p. 528, J.A. Barbour - Lewis & Marks, 20.3.1899.
31. *Ibid.*, p. 545, J.A. Barbour - Lewis & Marks, 14.4.1899.
32. *Ibid.*, p. 569, J.A. Barbour - Lewis & Marks, 29.5.1899.
33. *Ibid.*, p. 574, Summary of Sales during May 1899.
34. *Ibid.*, p. 584, Stock Sheet as at 30th June 1899.
35. *Ibid.*, p. 596, Stock Sheet as at 31st December 1899.
36. *Ibid.*, p. 603, Stock of Jams at 30th June 1900.
37. *Ibid.*, p. 601, List of Debtors at 30th June 1900.
38. *Ibid.*, p. 608, List of Debtors at 31st December 1900; p. 609, List of Creditors at 31st December 1900.



VICTORIA DRUKKERY PRETORIA